UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Julie 2009

WAT IS JOU KIND SE LEERSTYL?

As jy jou opvoedingstyl kan aanpas by jou kind se unieke manier van interaksie met sy/haar wêreld, kan dit 'n groot invloed hê op sy/haar vermoë om te leer en te presteer.

Daar is 3 basiese leerstyle, naamlik visuele, ouditiewe en kinestetiese leerstyl. Die kind by wie **visuele** leer dominant is neem inligting primer deur sy/haar ogies in; die kind wat **ouditief** leer reageer eerder op klank en neem inligting primer deur sy/haar ore in en die kind wat **kinesteties** ingestel is op leer is die heeltyd aan die beweeg, aangesien so kleintjie primêr leer deur gevoel.

Hier volg 'n opsomming van die 3 leerstyle. Kyk of jy jou kind in een van hulle kan identifiseer. Onthou egter dat alhoewel kinders 'n dominante of primêre leerstyl het, hulle ook 'n sekondêre leerstyl kan hê. As jou kind 2 leerstyle het, is dit belangrik dat jy albei sal stimuleer om hom/haar te help om 'n balans te ontwikkel.

Visuele leerstyl

Kommunikasie
(kind se ontwikkelingsfase moet hier in ag geneem word)

- taalgebruik eenvoudig en maak gebruik van kort sinne
- betreklik stil en kommunikeer graag deur teken- en verfaktiwiteit

Gunsteling speelgoed- en aktiwiteite

- verkies krale, blokkies, legkaarte en vetkryte
- kyk graag televisie
- hou van knip- en plakwerk

Motoriese vaardighede
(ook hier moet die ontwikkelingsfase van die kind in ag geneem word)

- fynmotoriese vaardighede soos inkleur en knipwerk is goed
- kan herkenbare mannetjie teken en probeer skrif naboots
- nie besonder aktief nie

Sosiale vaardighede

- dikwels stil en eenkant
- hou nie baie van aanraking nie
- neem eerder spel waar as om deel te neem

Groepdeelname

- verkies individuele aktiwiteite soos knip en plak
- tyd nodig voor gemaklik tussen maatjies voel

Emosies

- moeilik om emosies uit te druk
- vergaap hom/haar aan konflik, maar neem nie daaraan deel nie

Geheue

- leer deur dit wat sien
- kleure, syfers en letters word maklik onthou
- herken produkname en name van winkels

Ouditiewe leerstyl

Kommunikasie
- geniet gesprekke en gebruik vol sinne
- kan stories in besonderhede oorvertel

Gunsteling speelgoed- en aktiwiteite
- luister graag na stories en maak dikwels eie stories op
- gunsteling-aktiwiteite is met boeke, musiek en cds

Motoriese vaardighede
- fyn- en grootmotoriese aktiwiteite nie besonder baie geniet nie
- praat graag oor skeppende werk
- praat met self terwyl speel en teken

Sosiale vaardighede
- raak gou betrokke by gesprekke met maats
- geneig om baasspelerig te wees
- neem leiding in fantasiespel

Groepdeelname
- hou daarvan om voor groep te praat en op te tree
- speel eerder in groepe as individueel
- gee goed aandag en kan instruksies volg

Emosies
- benoem gevoelens soos kwaad, bang of bly
- baie dramaties wanneer self uitdruk
- probeer konflik met woorde oplos

Geheue
- kan hele paar opdragte na mekaar onthou en uitvoer
- woordeskat brei daagliks uit
- gedurig besig om nuwe liedjies te sing
- geniet dit om vrae te vra en te beantwoord

Kinestetiese leerstyl

Kommunikasie
- gebruik kort sinnetjies en soek na woorde
- kommunikeer met liggaamsbeweging en gesigsuitdrukkings

Gunsteling speelgoed- en aktiwiteite
- verkies buitespel en gee voorkeur aan speelgoed met wiele en klim- en klouterapparaat

Motoriese vaardighede
- besonder vaardig met hardloop-, spring- en klimaktiwiteite
- verkies aktiewe spel bo fynmotoriese take
- vind dit moeilik om herkenbare voorwerpe te teken

Sosiale vaardighede
- geniet sosiale interaksie met maats
- stig verhouding deur aanraking, maar speel baie rof met ander kinders

Groepdeelname
- hou van aktiewe groepspeletjies soos vroteier
- vroetel voortdurend en vind dit moeilik om stil te sit
- trek ander kinders se aandag af

Emosies
- is baie sensitief en voel gou seergemaak
- buis is ekstreem: woedend of uitbundig bly

Geheue
- leer deur self te doen en boots ander se aksies na
- gee beste aandag wanneer aan aktiewe aktiwiteite deelneem

Wanneer na hierdie lyste gekyk word moet u as ouer onthou om die kleuter se ontwikkelingsfase in ag te neem. Die 4jarige kleuter wat nog nie so geoefen is in tekenaktiwiteite nie gaan dit bv. ook moeilik vind om herkenbare voorwerpe te teken. Die kind met die kinestetiese leerstyl blyk soms hiperaktief te wees. So klassifikasie kan slegs gemaak word as oormatige beweeglikheid voorkom saam met simptome soos konsentrasieprobleme, aandagafleibaarheid en impulsiwiteit.

Pas jou dissipline aan by jou kind se leerstyl

Vir die beste reaksie op dissipline moet jy dissiplineringstyl aanpas by jou kind se oorheersende leerstyl. 'n Waarskuwende blik is dikwels genoeg vir die visuele kind. Kinders wie se gehoor oorheers, reageer die beste op verduidelikings. So kind wil hoor hoekom hy/sy nie iets mag doen nie. 'n Kind met 'n kinestetiese leerstyl se onaanvaarbare gedrag moet vervang word deur iets meer aanvaarbaars. Gee aan hierdie kind 'n alternatief, bv. „Ons kan nie met die bal binne-in die huis speel nie. Hoekom gaan speel jy nie bietjie op die grasperk met die bal nie."

Daar is allerhande verskillende teoriee oor ouerskap en opvoeding. Wat vir die een ouer sin maak, mag dalk nie vir 'n ander in sy huislike situasie werk nie. As jy wel jou kind kan identifiseer in een van hierdie leerstyle probeer om jou ouerskapstyl daarby aan te pas en aanskou die verrykende gevolge.

Kontiki-groete
Marzanne Booyens

Uit: Baba & Kleuter (Febr. 2002)